

15 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:12-17

Fokusgedeelte: Eksodus 33:14 en 15

Die Here moet saam

Ons Skrifgedeelte volg op die verskriklike gebeure by die berg Sinai toe die volk van die Here vir hulle 'n goue kalf gemaak het en gesê het: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel" (32:4). Wat 'n verskriklike sonde, om die Here, die almagtige God, voor te stel as 'n dier, as 'n kalf!

En daarom, toe dit tyd geword het om die reis na die beloofde land toe voort te sit, het die Here vir Moses gesê: "Julle is so 'n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie ..." (33:3).

Maar Moses het nie daarvoor kans gesien nie. Ten spyte van die feit dat die Here hulle uitdruklik verseker het dat Hy 'n engel voor hulle sal uitstuur om toe te sien dat hulle hul bestemming veilig sal bereik (33:2), was dit vir Moses ondenkbaar dat die Here van hulle sou wegdraai en nie meer by hulle en tussen hulle sal wees nie. Want wat baat dit jou dat jy die hele wêreld wen, maar aan jou siel skade ly? Wat baat dit jou om jou in die land van melk en heuning te gaan vestig as God nie daar is om na jou om te sien en om jou na jou ewige bestemming te begelei nie?

Daarom het Moses verkies om met God in daardie onherbergsame woestyn agter te bly, eerder as om sonder God in die land van melk en heuning te gaan woon. Armoede en ontbering met God, is beter as rykdom en oorvloed sonder God. Veel eerder die dood met God, as die lewe sonder God. En so het dit gebeur dat Moses na God toe teruggegaan en vir die volk gepleit het: "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie."

Hoe skrikwekkend moet dit nie wees om in die nag by 'n persoon wat ernstig siek is, by 'n ouer of by 'n lewensmaat of by 'n kind, te waak, en God is nie daar nie; om sonder God na die operasiekamer te gaan; om van God verlate te wees wanneer jy op jou sterfbed lê! Na wie sal jy gaan met jou hartseer, met jou bekommernisse, met jou baie probleme?

Daarom bid ons dat God ons ons sonde, om Christus ontwil, nie sal toereken nie, dat Hy nie sy rug op ons sal draai en ons sal verwerp nie. Anders gestel: "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie."

Sing: Psalm 73:10, 11

Ds CJH Breed (Secunda)